

Donderdag 16 Desember (Geloftedag)

Skrifgedeelte: Openbaring 14	Fokusgedeelte: Openbaring 14:9-11
------------------------------	--------------------------------------

Die straf oor die duiwel se aanhangers is geweldig!

Dit was vir die engele wat nie saam met die duiwel geval het nie, die moeite werd om heilig te bly. Daarom is hulle toeskouers van hoe elkeen wat die merk van die dier het (al die magte van die duiwel met hom aan die voorpunt!) *gepynig word met vuur en swawel ...*

Dan ook die opmerking: *voor die Lam*. Dis om twee redes. Die eerste is dat die Lam die aanvoerder is van die engelemagte. Onthou dat sy Ou-Testamentiese openbaringsgestalte die Engel van die Here is! Toe die duiwel in opstand gekom het, was sy opstand en sy ongehoorsaamheid en sy verraad dus veral teen die Engel van die Here – die Lam.

Daarom word Hy nou *gepynig met vuur en swawel ... en voor die Lam*. Satan word gepynig voor die Een teen Wie hy ongehoorsaam was en Wie hy verraai het! Die Here het waarskynlik destyds duidelik aan Satan geopenbaar dat dit sy einde gaan wees – wat hy toe nie wou glo nie. Nou is dit presies waar hy is!

Die betekenis vir ons wat nou lewe: Die engel vermaan ons om nie hierdie teken van die bees te ontvang nie. Hy vertel watter verskriklike en onvermydelike straf daarop gaan volg. Die gerig tref almal wat met die groot hoer Babilon bande het – nie een kan wegkruip nie!

Daarteenoor is God se gelofte aan ons die verlossing in Jesus Christus se bloed. Wat 'n groot verskil!

Sing: Psalm 63-1:5

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)